(*b*) deur ervaring bevoeg is om die volle loon te ontvang wat in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is vir die werksaamheid waarvoor hy in diens geneem is;

(2) 'n vroulike werknemer wat deur ervaring bevoeg is om die volle loon te ontvang wat in hierdie Ooreenkoms aangegee is vir die werksaamheid waarvoor sy in diens geneem is;

„ Sekretaris van die Raad ", die Algemene Sekretaris van die Raad en sluit enige Assistent-sekretaris van die Raad in;

„ loon ", 'n weeklikse loon, en is verder onderworpe aan die betekenis in subartikel (2) van artikel 4 van Deel I van hierdie Ooreenkoms daarvoor bepaal.

2. Bestek van Toepassing van Ooreenkoms.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms—

(*a*) moet nagekom word deur alle lede van die werkgewersorganisasies en van die vakverenigings wat in die nywerheid werksaam is (behalwe persone wat uitsluitlik herstelwerk doen); en
(*b*) is van toepassing op vakleerlinge, vir sover dit nie met die „ Vakleerlingen Wet, 1922 ", of enige kontrak ingevolge daarvan geregistreerd, of enige voorwaardes daaronder vasgestel, in stryd is nie;

in die Unie van Suid-Afrika.

3. Datum en Termyn van Toepassing.

Hierdie Ooreenkoms word van krag op sodanige datum as wat die Minister ingevolge artikel *ag-en-veertig* van die Wet mag vasstel, en bly van krag vir twaalf maande of vir sodanige termyn as hy mag bepaal.

4. Lone en Verhoudings.

(1) (*a*) Onderworpe aan die bepalings van artikels 5 en 13 van hierdie Deel, mag geen werkgewer en geen werknemer laer lone as dié in die Aanhangsels van Dele II, III en IV van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf vir enige werksaamheid deur sodanige werknemer verrig, onderskeidelik betaal of aanneem nie, en elke werkgewer moet verder enige verhoudings of ander voorwaardes in genoemde Aanhangsels bepaal, nakom.

(*b*) Behalwe waar anders bepaal word, is die lone wat voorgeskryf is deur die hele Unie van Suid-Afrika betaalbaar.

(2) Waar in hierdie Ooreenkoms na „ loon ", „ minimum loon " of „ voorgeskrewe loon " verwys word, beteken die uitdrukking in sover dit Deel II van hierdie Ooreenkoms betref, die minimum loon voorgeskryf in Aanhangsel „ A " van Deel II, gelees met subartikel (1) van hierdie artikel.

(3) Lone, aanvullende lone, stukwerk- en oortydlone moet weekliks voor of op Vrydag en gedurende die gewone werkure van die inrigting, of by diensbeëindiging, indien dit voor die gewone betaaldag van die inrigting val, in kontant betaal word. Die verdienste moet in 'n geslote koevert geplaas word, en die naam en nommer van die werknemer, die datum van betaling, totale kortings gemaak en die netto bedrag van verdienstes daarin bevat, moet met ink, of met inkpotlood, daarop aangeteken word.

(4) No deduction of any kind, other than the following, may be made from the wages and rates due to any employee—

(*a*) where an employee is absent from work, a *pro rata* amount for the period of such absence;
(*b*) with the written consent of the employee, deductions for holiday, sick, insurance or pension funds, or contributions to the funds of the trade union;
(*c*) levies in terms of section 9 of this part of the Agreement;
(*d*) any amount paid by an employer compelled by any law, ordinance or legal process to make payment on behalf of an employee.

(5) No premium for the training of an employee shall be charged or accepted by an employer.

(6) Where in any establishment work is performed by employees organised in sets or teams, each employee shall be paid his earnings by the employer.

5. Hours of Work.

(1) The wages laid down in the Annexures to Parts II, III and IV of this Agreement, read with section 4, shall be payable for a working week of 45 hours, subject to the conditions governing overtime provided for in section 6 of Part II, section 4 of Part III and section 2 of Part IV.

(2) If less hours than those prescribed in sub-section (1) of this section are worked such wages may, except in the case of apprentices, be reduced proportionately.

(3) If employees are not required to attend at an establishment on any day they shall be informed individually or by notice posted in the department, or departments in which they are employed prior to such day that their services will not be required.

If not so informed, employees attending at the establishment at the ordinary starting time shall be entitled to be employed for at least one half day or to receive a half day's pay in lieu thereof.

Employees attending at the establishment in the afternoon shall be entitled to work two hours or to receive two hours' pay in lieu thereof, unless notice of intention not to work shall have been given by the employer during the morning.

In the case of any employee ceasing work due to a breakdown he shall be entitled to payment for the first hour or part thereof during which he is not working. The provisions of this sub-section shall not apply when in the case of a tannery a stoppage is due to adverse climatic conditions.

(4) Where short time is being worked in any footwear or general leather goods establishment it shall be evenly distributed wherever possible amongst all workers, except apprentices, in the department or section concerned.

(5) The following rest periods shall be allowed to each employee and shall be reckoned as time worked:—

(*a*) On each day a period of not less than ten minutes in the morning between the hours of 10 a.m. and 11 a.m. provided that one hour has been worked;
(*b*) from Mondays to Fridays a period of not less than ten minutes each afternoon between the hours of 3.30 p.m. and 4.30 p.m. provided that one hour has been worked;

provided that in the tanning industry rest periods totalling not less than twenty minutes may be given at any time during each day except Saturdays, when the rest period shall not be less than ten minutes. During the rest periods provided for in (*a*) and (*b*) of this sub-section the operation of all machinery in the establishment shall cease.

(6) Where employees are called upon to "clock-out" at the end of working periods, the employer shall provide facilities to enable employees to leave the works at the correct time at which work is to cease.

(7) Nothing in this Agreement shall operate to make lawful any increase in the maximum number of working or overtime hours allowed under the Factories Act, 1918, or to allow the employment of any person during any hours in which the employment of such person is prohibited under that Act.

(8) No person may be employed in an establishment which is not a factory during any hours or day when it would under the provisions of the Factories Act, 1918, be unlawful to employ such person if the establishment were a factory.

(9) No employee shall be employed for more than five hours continuously without an interval of at least one hour, provided that if an employee is required to work overtime for not more than two hours on any one day he may, subject to the provisions of the Factories Act, after working for five hours continuously be allowed an interval of not less than fifteen minutes.

For the purpose of this sub-section, any interval of less than one hour shall be deemed to be time worked.

(10) Employees to whom exemption from the restrictions under the Factories Act, 1918, in respect of place or hours of work or holidays has been granted in terms of section *twenty-seven* of that Act, shall not be affected by the provisions of this Agreement relating to such matters.

(4) Geen bedrae, van watter aard ook, behalwe onderstaande, mag van die tydlone en stuklone aan 'n werknemer verskuldig, afgetrek word-nie:—

(*a*) In geval 'n werknemer van die werk wegbly: 'n *pro rata* bedrag vir die tydperk van sodanige afwesigheid;
(*b*) met skriftelike toestemming van die werknemer: kortings vir vakansie-, siekte-, versekerings-, of pensioenfondse, of bydraes tot die fondse van die vakvereniging;
(*c*) heffings ingevolge artikel 9 van hierdie deel van die Ooreenkoms;
(*d*) enige bedrag wat deur 'n werkgewer, ingevolge 'n verpligting hom opgelê deur enige wet, ordonnansie of regsgeding, ten behoewe van 'n werknemer, betaal is.

(5) Vir die opleiding van 'n werknemer mag deur 'n werkgewer geen onderriggeld bereken of aangeneem word nie.

(6) Indien in enige inrigting die werk deur werknemers, georganiseer in spanne of ploeë, verrig word, moet die verdienste van elke werknemer deur die werkgewer aan hom uitbetaal word.

5. Werkure.

(1) Die lone voorgeskryf in die Aanhangsels van Dele II, III en IV van hierdie Ooreenkoms, gelese met artikel 4, is vir 'n werkweek van 45 uur betaalbaar, onderworpe aan die voorwaardes aangaande oortyd en waarvoor in artikel 6 van Deel II, artikel 4 van Deel III en artikel 2 van Deel IV, voorsiening gemaak is.

(2) Ingeval minder ure as wat in subartikel (1) van hierdie artikel voorgeskryf word, gewerk word, kan die lone eweredig verminder word, behalwe in die geval van vakleerlinge.

(3) As dit op enige dag nie van werknemers verlang word om by 'n inrigting te kom werk nie, moet hulle voor sodanige dag in kennis gestel word dat hulle dienste nie nodig sal wees nie. Die kennisgewing moet aan werknemers persoonlik gerig word, of anders moet dit in die afdeling, of afdelings, waarin hulle voor so 'n dag werksaam is, aangeplak word.

Word hulle nie aldus in kennis gestel nie, dan is werknemers, wat op die gewone begintyd by die inrigting opdaag, geregtig om vir minstens 'n halfdag te werk gestel te word of om in plaas daarvan 'n halfdagloon te ontvang.

Werknemers wat in die namiddag by die inrigting opdaag, is geregtig om vir twee uur te werk of om in plaas daarvan twee uur se loon te ontvang, tensy die werkgewer in die voormiddag kennis gegee het dat hy nie van plan is om te laat werk nie.

Ingeval enige werknemer ophou werk weens 'n oponthoud, is hy geregtig op betaling vir die eerste uur of gedeelte van 'n uur van die tyd wat hy nie werk nie. Die bepalings van hierdie subartikel is nie van toepassing as ingeval van 'n looiery, die werk weens ongunstige klimaatstoestande tot stilstand kom nie.

(4) Indien in enige skoeisel- of algemene leergoedereinrigting korttyd gewerk word, moet dit waar moontlik eweredig tussen alle werknemers, behalwe vakleerlinge, in die betrokke afdeling of onderafdeling verdeel word.

(5) Onderstaande rustydperke moet aan elke werknemer toegestaan en as tyd gewerk beskou word—

(*a*) elke dag 'n tydperk van minstens tien minute in die voormiddag tussen die ure 10 v.m. en 11 v.m. maar nie voordat een uur gewerk is nie;
(*b*) van Maandag tot Vrydag 'n tydperk van minstens tien minute elke namiddag tussen die ure 3.30 n.m. en 4.30 n.m. maar nie voordat een uur gewerk is nie;

met dien verstande dat in die leerlooiery rustydperke wat tesaam minstens twintig minute duur te eniger tyd toegestaan mag word op elke dag behalwe Saterdae, wanneer die rustydperk minstens tien minute moet duur. Gedurende die rustye waarvoor in (*a*) en (*b*) van hierdie subartikel voorsiening gemaak is, moet die werking van alle masjinerie in die inrigting gestaak word.

(6) Indien werknemers aan die end van werktye moet „uitklok", moet die werkgewer reëlings tref om werknemers in staat te stel om die werk te verlaat op die regte tyd waarop die werk gestaak moet word.

(7) Niks in hierdie Ooreenkoms het die uitwerking om enige vermeerdering van die maksimum aantal werk- of oortydwerkure, toegelaat ingevolge die Fabriekswet, 1918, wettig te maak, of om die tewerkstelling van enige persoon, gedurende enige uur wanneer die tewerkstelling van sodanige persoon ingevolge daardie Wet verbode is, toe te staan nie.

(8) Niemand mag in enige inrigting wat nie 'n fabriek is nie, op enige uur of dag, waarop dit ingevolge die bepalings van die Fabriekswet, 1918, onwettig sou wees om sodanige persoon te werk te stel, indien die inrigting 'n fabriek was, te werk gestel word nie.

(9) Geen werknemer mag vir langer as vyf uur aaneen te werk gestel word sonder 'n tussenpose van minstens een uur nie, met dien verstande dat as 'n werknemer vereis word om vir nie langer as twee uur enige dag oortyd te werk, onderworpe aan die bepaling van die Fabriekswet, moet hy nadat hy vyf uur aaneen gewerk het 'n tussenpose van minstens vyftien minute toegestaan word.

Vir die toepassing van hierdie subartikel word enige tussenpose van minder as een uur as tyd wat gewerk is, beskou.

(10) Werknemers aan wie, ingevolge artikel *sewe-en-twintig* van die Fabriekswet, 1918, van die beperkings ingevolge daardie Wet ten opsigte van werkplek of werkure of vakansie vrystelling verleen is, word nie deur die bepalings van hierdie Ooreenkoms betreffende sodanige sake geraak nie

6. Holidays.

(1) Every employer shall allow, each year, to each employee a holiday of a duration equal to that which would include 54 ordinary working hours, and on the last pay day before Christmas Day in every year he shall pay to each employee as a holiday allowance an amount equal to one-twelfth of the wages he would earn in 54 working hours for each month of employment with that firm since the preceding Christmas Day: any period or periods in excess of three consecutive weeks during which an employee has been absent from work through no fault of the employer, shall not be counted for the purpose of calculating the holiday allowance, provided that an employee's absence for the normal period of defence force training shall be so counted.

Upon leaving the service of an employer an employee shall be entitled to receive the amount of the holiday allowance due as at the date of his leaving such service calculated as provided in the first paragraph. For the purpose of calculating the holiday allowance wages shall be based upon the average of the wages payable per week to the employee in terms of this Agreement during the preceding three months.

Employment for half a month or over shall be reckoned for the computation of the holiday allowance as employment for a full month.

"Half a month" shall mean any period of 15 consecutive calendar days (irrespective of working days).

(2) Good Friday shall be a holiday on full pay.

(3) An employer who proposes to close his establishment for any reason other than short time shall, at least three working days prior to the date of such closing, post in a place readily accessible to his employees a notice stating the period during which employees will not be required to work.

7. Place of Employment.

(1) No employer shall require or allow any employee to perform work in the industry in any place other than his regular establishment.

(2) An employee who has completed a full day's work in one establishment shall not work at any other establishment during the same day or night.

8. Council Funds.

(1) Subject to sub-section (2) hereof, for the purpose of meeting the expenses of the Council, each employer shall deduct on the first pay day in each month:—

(*a*) 6d. from the earnings of each of his employees for whom minimum wages of not less than £2. 10s. (two pounds ten shillings) per week are prescribed; and

(*b*) 3d. from the earnings of each of his employees for whom minimum wages of not less than £1 (one pound) but less than £2. 10s. (two pounds ten shillings) per week are prescribed.

To each amount so deducted the employer shall add a like amount. He shall forward month by month and not later than the 15th of each month the total sum to the Secretary of the Council, P.O. Box 3051, Port Elizabeth.

(2) No deductions and contributions shall be made in the months of December, 1939, and January, 1940.

9. Termination of Employment.

(1) Except as provided in sub-section (2) every employee shall be required to give one week's notice to terminate his employment, and every employer shall be required to give like notice to terminate the service of an employee; such week's notice shall take effect from the end of the working week of the establishment concerned. A week's notice shall mean a full week's work or a full week's pay in lieu of notice. An employee whose services are not required after the holiday referred to in Section 6 of this Part shall be given notice thereof one week before the holiday begins, failing which he shall be entitled to receive a week's pay in lieu of notice.

(2) An employee who has in any week been working short time for more than two consecutive days may terminate his employment by giving one day's notice.

(3) The provisions of this Section shall not affect any agreement which provides for a longer period of notice than one week, provided that the period of notice agreed upon is of equal duration on both sides.

(4) When the work of any employee is suspended for four or more consecutive weeks, or when less than 45 hours' work is given during a period of four weeks his employment shall be regarded as terminated and the employee shall be paid one full week's wages in addition to any payment in terms of this Agreement for work performed.

The holiday referred to in Section 6 of this Part shall not be regarded as a period of suspension of work in terms of this sub-section.

(5) An employee who is dismissed without notice except for cause recognised by law as sufficient, shall be paid a full week's pay in lieu of such notice at the rate of wages he was receiving at the time of such dismissal.

6. Vakansiedae.

(1) Elke werkgewer moet elke werknemer elke jaar 'n vakansie toestaan wat gelyk is aan 'n tydperk wat 54 gewone werkure insluit, en elke jaar op die laaste betaaldag voor Kersdag aan elke werknemer vir elke maand diens by dieselfde firma na die voorafgaande Kersdag, 'n bedrag, gelykstaande aan een-twaalfde van die loon wat hy in 54 uur sou verdien as 'n vakansietoelaag betaal; enige tydperk of tydperke wat 'n werknemer meer as drie agtereenvolgende weke, sonder toedoen van die werkgewer van die werk afwsig was, word nie getel vir die doel van berekening van die vakansietoelaag nie, met dien verstande dat 'n werknemer se afwesigheid vir die gewone tydperk van militêre opleiding ook bygereken moet word.

Wanneer 'n werknemer uit die diens van 'n werkgewer tree, is hy geregtig tot die bedrag van die vakansie-toelaag betaalbaar soos op die datum wanneer hy sodanige diens verlaat, bereken soos bepaal in die eerste paragraaf. Om die vakansietoelaag te bereken, word die loon gebaseer op die gemiddelde loon wat per week kragtens hierdie ooreenkoms aan die werknemer betaalbaar is gedurende die voorafgaande drie maande.

Diens van 'n halwe maand of meer word vir die berekening van die vakansietoelaag beskou as 'n volle maand diens. „'n Halwe maand", beteken enige tydperk van vyftien agtereenvolgende kalenderdae, afgesien van werkdae.

(2) Goeie Vrydag is 'n vakansiedag met volle betaling.

(3) 'n Werkgewer wat van plan is om sy inrigting om enige rede, behalwe korttyd, te sluit, moet minstens drie werkdae voor die datum van sodanige sluiting op 'n plek wat maklik toeganklik is vir sy werknemers, 'n kennisgewing aanplak met vermelding van die tydperk wat dit nie van werknemers verlang sal word om te werk nie.

7. Werkplek.

(1) Geen werkgewer mag van 'n werknemer verlang of hom toelaat om op 'n ander plek, behalwe in sy vaste inrigting in die nywerheid werk te verrig nie.

(2) 'n Werknemer wat 'n volle dag in een inrigting gewerk het, mag nie gedurende dieselfde dag of nag in 'n ander inrigting werk nie.

8. Raadsfondse.

1. Onderworpe aan subartikel (2) hiervan, ten einde die uitgawes van die Raad te dek, moet elke werkgewer op die eerste betaaldag van elke maand onderstaande aftrek:—

(*a*) 6d. van die verdienste van elk van sy werknemers vir wie 'n minimum loon van minstens £2. 10s. (twee pond tien sjielings) per week voorgeskryf word;

(*b*) 3d. van die verdienste van elk van sy werknemers vir wie 'n minimum loon van minstens £1 (een pond) maar minder as £2. 10s. (twee pond tien sjielings) per week voorgeskryf word.

By elke bedrag aldus afgetrek, moet die werkgewer 'n gelyke bedrag voeg. Hy moet die totale bedrag maandeliks voor of op die 15de van elke maand aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 3051, Port Elizabeth, stuur.

2. Geen aftrekking en bydraes moet gedurende die maande Desember 1939 en Januarie 1940 gemaak word nie.

9. Diensbeëindiging.

(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), moet elke werknemer een week vooruit die diens opsê, en elke werkgewer moet 'n werknemer se diens op gelyke wyse opsê; sodanige diensopsegging van een week tree in werking vanaf die einde van die werkweek van die betrokke inrigting. 'n Week se diensopsegging beteken 'n volle week se werk of 'n volle week se betaling in plaas van diensopsegging.

'n Werknemer wie se dienste nie vereis word nie na die vakansie waarna in artikel 6 van hierdie Deel verwys word, se diens moet een week voor die aanvang van die vakansie opgesê word, anders is hy geregtig om een week se betaling in plaas van diensopsegging te ontvang.

(2) 'n Werknemer, wat in enige week meer as twee agtereenvolgende dae korttyd gewerk het, kan sy diens een dag vooraf opsê.

(3) Die bepalings van hierdie artikel maak geen inbreuk op enige ooreenkoms waarby vir 'n langer diensopseggingstermyn as een week voorsiening gemaak word nie, met dien verstande dat die tydperk van diensopsegging aan beide kante van gelyke duur is.

(4) Wanneer die werk van enige werknemer vir minstens vier agtereenvolgende weke opgeskort word, of wanneer minder as 45 uur se werk gegee word gedurende 'n tydperk van vier weke, sal sy diens as beëindig beskou word en moet aan die werknemer een volle week se loon bo en behalwe enige betaling ingevolge hierdie ooreenkoms vir werk verrig, betaal word.

Die vakansie waarna in artikel 6 van hierdie Deel verwys is, word nie beskou as opskorting van werk ingevolge hierdie subartikel nie.

(5) Aan 'n werknemer wat sonder diensopsegging, behalwe om 'n rede deur die Wet as voldoende beskou, ontslaan word, moet 'n volle week se betaling, teen die loon wat hy ten tyde van sodanige ontslag ontvang het, in plaas van sodanige diensopsegging betaal word.

10. ENGAGEMENT AND SERVICE CERTIFICATES.

(1) Before engaging an employee every employer shall require the applicant, if he has been previously employed in the industry, to produce a service certificate in terms of sub-section (3) hereof or a certificate signed by the Secretary of a District Committee or the Secretary of the Council specifying the previous experience of the applicant, if any. If the applicant is a learner the employer shall require him to produce a birth certificate or other evidence in proof of age.

Upon being approached by an applicant the Secretary of the District Committee or of the Council shall ascertain and verify the particulars of the applicant's age and experience and thereafter issue a certificate.

(2) Every employer shall within seven days of engaging an employee issue to him an engagement certificate in the form of Annexure "A" to this Part, and shall send a copy to the Secretary of the District Committee for his area, or to the Secretary of the Council if there is no such committee.

(3) Every employer shall issue to every employee leaving his service a service certificate in the form of Annexure "B" to this Part at the time of leaving. Such certificates shall be numbered consecutively and a duplicate copy of each shall be retained by the employer.

11. TRADE UNION REPRESENTATIVES ON THE COUNCIL.

Employers shall give to any of their employees who are representatives on the Council Executive or any District Committee every facility to attend to their duties in connection with the work of such bodies.

12. ADMINISTRATION OF AGREEMENT.

The Council shall be the body responsible for the administration of this Agreement and may issue expressions of opinion not inconsistent with its provisions for the guidance of employers and employees.

13. EXEMPTIONS.

(1) The Council or Executive may on the recommendation of a District Committee, or on its own decision, grant exemption from any of the provisions of this Agreement to or in respect of any person for any good and sufficient reason.

(2) The Council or Executive shall fix in respect of any person granted exemption the conditions subject to which such exemption is granted and the period during which such exemption shall operate, provided that the Council or Executive may, if it deems fit, after one week's notice in writing has been given to the persons concerned, withdraw any licence of exemption whether or not the period for which exemption was granted has expired.

(3) The Secretary of the Council or Executive shall issue to every person granted exemption a licence signed by him setting out—

(*a*) the full name of the person concerned;

(*b*) the provisions of the Agreement from which exemption is granted;

(*c*) the conditions subject to which such exemption is granted; and

(*d*) the period during which the exemption shall operate.

(4) The Secretary of the Council or Executive shall—

(*a*) number consecutively all licences issued;

(*b*) retain a copy of each licence issued; and

(*c*) where exemption is granted to an employee, forward a copy of the licence to the employer concerned.

(5) The Council or Executive may, on the recommendation of a District Committee, or where there is no District Committee, on its own decision, grant to any employer whose establishment is located in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg or Simonstown and the production capacity of whose establishment is 1,000 pairs of footwear per week, or less, or 6,000 pairs or less averaged over six weeks, exemption to pay to his employees wages at rates not lower than those specified for District B in Annexure "A" to Part II of this Agreement.

14. PERSONS UNDER 15 YEARS OF AGE.

No person under 15 years of age shall be employed in the industry.

15. AGENTS.

The Council shall appoint one or more persons as agents to assist in giving effect to the terms of this Agreement. It shall be the duty of every employer to permit such persons to enter his establishment and to institute such inquiries and to examine such documents, books, wage-sheets, pay envelopes and pay tickets and to interrogate such individuals as may be necessary for the purpose of ascertaining whether the provisions of this Agreement are being observed.

10. INDIENSNEMING EN DIENSSERTIFIKATE.

(1) Voordat 'n werknemer in diens geneem word, moet elke werkgewer van die applikant vereis om, as hy voorheen in die nywerheid werksaam was, 'n dienssertifikaat te vertoon ingevolge subartikel (3) hiervan of 'n sertifikaat onderteken deur die Sekretaris van 'n Distrikskomitee of die Sekretaris van die Raad waarin die vorige ervaring van die applikant, as hy enige ervaring gehad het, aangegee word. As die applikant 'n leerling is, moet die werkgewer vereis dat hy 'n geboortesertifikaat of ander getuienis of bewys van ouderdom lewer.

As die Sekretaris van die Distrikskomitee of van die Raad deur 'n applikant genader word, moet hy die besonderhede van die applikant se ouderdom en ervaring uitvind en bevestig en daarna 'n sertifikaat uitreik.

(2) Elke werkgewer moet binne sewe dae nadat hy 'n werknemer in diens geneem het 'n sertifikaat aan hom uitreik in die vorm van Aanhangsel A by hierdie Deel, en moet 'n kopie aan die Sekretaris van die Distrikskomitee vir sy gebied stuur of aan die Sekretaris van die Raad as daar geen sodanige komitee is nie.

(3) Elke werkgewer moet aan elke werknemer wat sy diens verlaat 'n dienssertifikaat in die vorm van Aanhangsel B van hierdie Deel uitreik ten tyde van die verlating. Sodanige sertifikate moet in volgorde genommer word en 'n duplikaat van elk moet deur die werkgewer gehou word.

11. VERTEENWOORDIGERS VAN VAKVERENIGINGS OP DIE RAAD.

Werkgewers moet aan enigeen van hul werknemers, wat 'n verteenwoordiger op die Raad, Uitvoerende Raad of enige Distrikskomitee is, alle fasiliteite verleen om sy pligte in verband met die werk van sodanige liggame te vervul.

12. TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Die Raad is die liggaam wat vir die uitvoering van hierdie Ooreenkoms verantwoordelik is en hy kan vir die leiding van werkgewers en werknemers menings uitspreek wat nie met die bepalings daarvan in stryd is nie.

13. VRYSTELLINGS.

(1) Die Raad of Uitvoerende Raad mag op aanbeveling van 'n Distrikskomitee, of uit eie beweging, van enigeen van die bepalings van hierdie Ooreenkoms om enige goeie en voldoende rede, aan of ten opsigte van enige persoon, vrystelling verleen.

(2) Die Raad of Uitvoerende Raad moet, ten opsigte van elke persoon aan wie vrystelling verleen word, die voorwaardes waarop en die tydperk waarvoor sodanige vrystelling verleen word, vasstel; met dien verstande dat die Raad of Uitvoerende Raad, na goeddunke en nadat een week vooraf aan die betrokke persone skriftelik kennis gegee is, enige vrystellingslisensie kan intrek, of die tydperk waarvoor vrystelling verleen was verstryk het of nie.

(3) Die Sekretaris van die Raad of Uitvoerende Raad moet aan elke persoon aan wie vrystelling verleen word, 'n lisensie uitreik wat deur hom onderteken is en waarin vermeld word—

(*a*) die volle naam van die betrokke persoon;

(*b*) die bepalings van die Ooreenkoms waarvan vrystelling verleen word;

(*c*) die voorwaardes waarop sodanige vrystelling verleen word; en

(*d*) die tydperk waarvoor die vrystelling geldig is.

(4) Die Sekretaris van die Raad of Uitvoerende Raad moet—

(*a*) alle lisensies wat uitgereik word in volgorde nommer;

(*b*) 'n kopie hou van elke lisensie wat uitgereik word; en

(*c*) indien aan 'n werknemer vrystelling verleen word, 'n afskrif van die lisensie aan die betrokke werkgewer stuur.

(5) Die Raad of Uitvoerende Raad kan, op aanbeveling van 'n Distrikskomitee, of waar daar geen Distrikskomitee is nie, uit eie beweging aan enige wergewer wie se inrigting in die magistraatsdistrikte die Kaap, Wynberg of Simonstad geleë is en wie se inrigting 'n produksievermoë van 1,000 paar skoeisel per week of minder, of gemiddeld 6,000 paar of minder oor ses weke het, vrystelling verleen om sy werknemers te betaal teen lone wat nie laer is as dié wat vir Distrik B in Aanhangsel A van Deel II van hierdie Ooreenkoms vasgestel is nie.

14. PERSONE ONDER 15 JAAR OUD.

Geen persoon onder 15 jaar oud mag in die nywerheid in diens geneem word nie.

15. AGENTE.

Die Raad moet een of meer persone aanstel as agente om by die toepassing van die bepalings van hierdie Ooreenkoms behulpsaam te wees. Dit is die plig van elke werkgewer om sodanige persone toe te laat om sy inrigting te betree en om sodanige navrae te doen en om sodanige dokumente, boeke, loonstate, betaalkoeverte en betaalkaarte na te sien en om sodanige individue te ondervra, as wat nodig mag wees ten einde vas te stel of aan die bepalings van hierdie Ooreenkoms voldoen word.

16. Employment of Members of Trade Unions.

Preferential treatment in the matter of employment shall be given to members of the trade unions, and officials of the trade unions shall be given every reasonable facility by employers to organise employees.

Upon being requested in writing by an employee to do so, an employer shall deduct from the wages of that employee the amount of the employee's trade union subscription and hand it to the official appointed by the trade union to receive it.

ANNEXURE "A" TO PART I.

NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL OF THE LEATHER INDUSTRY OF SOUTH AFRICA.

ENGAGEMENT CERTIFICATE.

No. .....

Section of the Industry .....
Employer .....
Address .....

I hereby certify that the undermentioned person has been engaged by me:—

Full Name .....
Address .....
Sex ..... Date of Birth .....
Date of Engagement .....
Operation .....
Issued at ..... this .....
day of ..... 19.....

.....
Employer.

N.B.—A duplicate copy of this certificate must be sent to the Secretary of the District Committee for the employer's area, or to the Secretary of the Council if there is no such Committee.

ANNEXURE "B" TO PART I.

NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL OF THE LEATHER INDUSTRY OF SOUTH AFRICA.

SERVICE CERTIFICATE.

No. of Certificate.....

Section of the Industry.....
Name and address of employer.....

I hereby certify that the undermentioned person was employed by me and that the particulars detailed hereunder are correct:—

1. Full name of employee.....
2. Address.....
3. Sex.....
4. Date of birth.....
5. Operations.....
.....
.....
6. Wage paid at date of leaving.....
7. Date of entering service.....
8. Date of leaving service.....
9. Reason for leaving.....
10. Date of last increase in terms of agreement.....
11. The number of the service certificate issued by previous employer.....(insert name) was.....

Issued at.....this.....
day of.....19.....

.....
Signature of Employer/Secretary.

N.B.—*Duplicate copy of this certificate must be retained by employer.*

PART II.

SPECIAL PROVISIONS APPLICABLE TO THE FOOTWEAR SECTION OF THE LEATHER INDUSTRY.

1. Wages.

(1) Nothing in this Agreement shall operate to reduce any time wage at present being paid which is more favourable to an employee than that laid down in this Agreement for such employee while he remains in the service of the same employer.

(2) The wage prescribed for any operation in Annexure "A" to this Part shall apply to that operation irrespective of the department in which it is performed.

16. Indiensneming van Lede van Vakverenigings.

By indiensneming van werknemers moet aan lede van die vakverenigings voorkeur gegee word en werkgewers moet aan beamptes van die vakverenigings alle redelike fasiliteite verleen om werknemers te organiseer.

Wanneer skriftelik deur 'n werknemer daartoe versoek, moet 'n werkgewer die bedrag van die werknemer se vakuniebydraes van die lone van dié werknemer aftrek, en dit aan die amptenaar, wat deur die Vakunie aangestel is om dit te ontvang, oorhandig.

AANHANGSEL „A" VAN DEEL I.

„NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL OF THE LEATHER INDUSTRY OF SOUTH AFRICA."

INDIENSNEMINGSERTIFIKAAT.

No. .....

Afdeling van die nywerheid .....
Werkgewer .....
Adres .....

Hierby verklaar ek dat onderstaande persoon deur my in diens geneem is:—

Volle naam .....
Adres .....
Geslag ..... Geboortedatum .....
Datum van indiensneming .....
Werksaamheid .....
Uitgereik in ..... hede die .....
dag van ..... 19.....

.....
Werkgewer.

L.W.—'n Duplikaat van hierdie sertifikaat moet aan die Sekretaris van die Distrikskomitee vir die werkgewersgebied gestuur word of aan die Sekretaris van die Raad as daar geen sodanige Komitee is nie.

AANHANGSEL „B" VAN DEEL I.

„NATIONAL INDUSTRIAL COUNCIL OF THE LEATHER INDUSTRY OF SOUTH AFRICA."

DIENSSERTIFIKAAT.

No. van sertifikaat.....

Afdeling van nywerheid.....
Naam en adres van werkgewer.....
.....

Hierby verklaar ek dat ondervermelde persoon by my in diens was en dat die besonderhede wat hier volg juis is:—

1. Volle naam van werknemer.....
2. Adres.....
3. Geslag.....
4. Geboortedatum.....
5. Werksaamhede.....
.....
.....
.....
6. Loon betaal op datum van uitdienstreding.....
7. Datum van indienstreding.....
8. Datum van uitdiensreding.....
9. Rede vir uitdienstreding.....
10. Datum van laaste verhoging kragtens Ooreenkoms.....
.....
11. Die nommer van die dienssertifikaat uitgereik deur die vorige werkgewer.....(meld naam) was.....

Uitgereik in.....op hede die.....
dag van.....19.....

.....
Handtekening van Werkgewer/Sekretaris.

L.W.—*'n Duplikaat van hierdie sertifikaat moet deur die werkgewer behou word.*

DEEL II.

SPESIALE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP DIE SKOEISEL-AFDELING VAN DIE LEERNYWERHEID.

1. Lone.

(1) Niks in hierdie Ooreenkoms het die uitwerking om enige tydloon, wat op die oomblik betaal word en wat vir die werknemer gunstiger is as die loon in hierdie Ooreenkoms vir sodanige werknemer, te verminder nie solank as hy by dieselfde werkgewer in diens bly.

(2) Die loon vir enige werksaamheid in Aanhangsel A van hierdie Deel voorgeskryf, is van toepassing op daardie werksaamheid, afgesien van die afdeling waarin dit verrig word.

2. Supplementary Wage System.

(1) A supplementary wage system may, save where specific provision is made in this Part, be applied in any establishment by mutual consent of the employer and employee concerned, provided that no such supplementary wage system shall be applied unless and until—

(*a*) The District Committee concerned shall have recommended to the Council or

(i) the volume of output (hereinafter described as the quantum) required from an employee in return for the wages prescribed in this Agreement; and

(ii) the minimum additional payment for output in excess of the quantum; and

(*b*) a quantum and rate of payment either as recommended by the District Committee concerned or otherwise shall have been approved by the Council.

(2) Supplementary wage rates shall be determined on such a basis that an employee shall receive not less than the amount to which he would be entitled if employed on a time basis, plus ten per cent.; and an employee to whom supplementary wage rates apply shall in any week, subject to the provisions of section 5 of Part I of this Agreement, be paid for that week not less than the minimum wage for his work, plus ten per cent., even if he has not earned so much.

(3) A schedule in both official languages setting out the quantum and rates of payment fixed in accordance with subsection (1) (*b*) of this section shall be exhibited in a place accessible to all employees concerned in every establishment in which it is applicable.

3. Piece-work.

(1) Save where piece-work rates are prescribed in Annexure "A" to this Part, no piece-work system may be applied in any establishment unless and until—

(*a*) the District Committee concerned shall have recommended piece-work rates; and

(*b*) the piece-work rates either as recommended by the District Committee or otherwise shall have been approved by the Council.

(2) Piece-work rates shall be fixed on such a basis that an employee shall receive not less than the amount to which he would be entitled if employed on a time basis plus ten per cent., and he shall, subject to the terms of section 5 of Part I of this Agreement, be paid not less than the minimum wage for his class plus ten per cent., even if he has not earned so much.

These provisions shall not apply in respect of operations for which a quantum is prescribed.

4. Differential Rates.

(1) An employee may not be required or allowed to perform more than two of the operations specified in B, C, D, E, and F of the Annexure "A" to this part, for which wages of £2. 5s. or more are prescribed. An employee who is employed on any two such operations shall be paid for each hour, or part of an hour worked on each operation at not less than the hourly wage rate applicable to each such operation; provided that—

(i) if an employee is employed during the whole of the week solely on an operation to which the lower wage is applicable, such employee shall be paid at the lower rate;

(ii) if an employee, who is employed on an operation to which the higher rate is applicable, is employed for more than four hours in any week on an operation to which a lower rate is applicable, and during that week is also employed on an operation to which a higher wage is applicable, such employee shall for at least 50 per cent. of the time worked during that week be paid at the higher rate and for 50 per cent. of the time worked at the lower rate;

but if he is employed for more than 50 per cent. of the time worked during that week on an operation to which the higher rate is applicable he shall be paid at the hourly rate applicable to each such operation.

(2) An employee who is employed in any one week on any one of the operations mentioned in sub-section (1) of this section and also on one or more of the operations for which wages of less than £2. 5s. per week are prescribed shall be paid at the wage applicable to the higher or highest paid operation for the whole of the time worked in that week.

(3) An employee who is employed in any one week on any one of the operations for which wages less than £2. 5s. but more than £1. 17s. 6d. are prescribed and also any one of the operations for which wages of not more than £1. 17s. 6d. are prescribed shall be paid at the wage prescribed for the higher paid operation for the whole of the time worked in that week.

2. Loonaanvullingstelsel.

(1) 'n Loonaanvullingstelsel mag behalwe waar in hierdie Deel spesiale voorsiening gemaak is, in enige inrigting by onderlinge ooreenkoms tussen die werkgewer en die betrokke werknemer ingevoer word, met dien verstande dat sodanige loonaanvullingstelsel nie van toepassing is nie, tensy en alvorens—

(*a*) die betrokke Distrikskomitee 'n aanbeveling aan die Raad gemaak het, of

(i) die hoeveelheid verrigte werk (hierna genoem die kwantum) wat van 'n werknemer verlang word vir die lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf; en

(ii) die minimum ekstra betaling vir verrigte werk wat die kwantum te bowe gaan, en

(*b*) 'n Kwantum en skaal van betaling hetsy aanbeveel deur die betrokke Distrikskomitee of anders word nie van krag voordat dit deur die Raad goedgekeur is nie.

(2) Die aanvullende lone moet op so'n basis vasgestel word dat 'n werknemer minstens die bedrag ontvang waartoe hy geregtig sou wees indien hy op tydloonbasis in diens was, plus tien persent; en 'n werknemer op wie aanvullende lone van toepassing is, moet gedurende enige week, behoudens die voorwaardes van artikel 5 van Deel I van hierdie Ooreenkoms, minstens die minimum loon vir sy werk, plus tien persent, vir daardie week betaal word, selfs al het hy nie soveel verdien nie.

(3) 'n Bylae, in albei offisiële tale, waarin die kwantum en lone vasgestel ooreenkomstig subartikel (1) (*b*) van hierdie artikel uiteengesit word, moet in elke inrigting waar dit van toepassing is, op 'n plek wat toeganklik is vir al die betrokke werknemers vertoon word.

3. Stukwerk.

(1) Behalwe in gevalle waar stukwerklone in Aanhangsel A van hierdie Deel voorgeskryf is, mag geen stukwerkstelsel in enige inrigting toegepas word nie, tensy en alvorens—

(*a*) die betrokke Distrikskomitee stukwerklone aanbeveel het nie; en

(*b*) die stukwerklone hetsy soos deur die Distrikskomitee aanbeveel of anders, deur die Raad goedgekeur is.

(2) Die stukwerklone moet op so'n basis vasgestel word, dat 'n werknemer minstens tien persent meer as die bedrag, waartoe hy geregtig sou wees indien hy op tydloonbasis in diens was, ontvang, en hy moet, behoudens die bepalings van artikel 5 van Deel I van hierdie Ooreenkoms teen minstens tien persent meer as die minimum loon voorgeskryf vir sy beroep betaal word, selfs al het hy nie soveel verdien nie.

Hierdie bepalings is nie van toepassing op werksaamhede waarvoor 'n kwantum voorgeskryf is nie.

4. Verskillende Loonskale.

(1) Dit mag nie van 'n werknemer verlang, en hy mag ook nie toegelaat word om meer as twee van die werksaamhede bepaal in B, C, D, E en F van Aanhangsel A van hierdie deel waarvoor lone van minstens £2. 5s. voorgeskryf is te verrig nie. 'n Werknemer wat in enige twee sodanige werksaamhede te werk gestel word, moet vir elke uur, of deel van 'n uur, wat hy aan elke werksaamheid bestee, teen die uurloon van toepassing op elke sodanige werksaamheid betaal word, met dien verstande dat—

(i) as 'n werknemer gedurende 'n hele week uitsluitlik in 'n werksaamheid waarop 'n laer loon van toepassing is, te werk gestel word, so'n werknemer teen die laer loon betaal moet word;

(ii) as 'n werknemer wat gewoonlik te werk gestel word in 'n werksaamheid waarop die hoër loon van toepassing is, vir meer as vier uur in enige week te werk gestel word in 'n werksaamheid waarvoor 'n laer tarief van toepassing is, en gedurende daardie week ook te werk gestel word op 'n werksaamheid waarop 'n hoër loon van toepassing is, sodanige werknemer vir minstens 50 persent van die tyd gewerk gedurende daardie week betaal moet word teen die hoër loon en vir 50 persent van die tyd gewerk teen die laer tarief;

maar as hy vir meer as 50 persent van die tyd gewerk gedurende daardie week te werk gestel word in 'n werksaamheid waarop die hoër loon van toepassing is, hy teen die loon per uur van toepassing op elke sodanige werksaamheid betaal moet word.

(2) 'n Werknemer wat in 'n bepaalde week enigeen van die werksaamhede genoem in subartikel (1) van hierdie artikel en ook een of meer van die werksaamhede waarvoor lone van minder as £2. 5s. per week voorgeskryf is, moet verrig, moet, vir al die tyd wat hy gedurende daardie week werk, betaal word teen die loon van toepassing op die werksaamhede waarvoor die hoogste loon voorgeskryf is.

(3) 'n Werknemer wat in 'n bepaalde week enigeen van die werksaamhede waarvoor lone van minder as £2. 5s. maar meer as £1. 17s. 6d. voorgeskryf is, en ook enigeen van die werksaamhede waarvoor lone van hoogstens £1. 17s. 6d. voorgeskryf is, moet verrig, moet vir die hele tyd, wat hy gedurende daardie week werk, teen die loon van toepassing op die werk waarvoor die hoogste loon voorgeskryf is, betaal word.

(4) The employer shall provide each employee to whom this section applies with a record book in the form shown in the Annexure "B" to this Part, in which the employer shall enter the operation performed and the times of beginning and finishing each operation. The times shall be entered at the time of beginning and finishing respectively. The book shall ordinarily be retained by the employee but shall be handed to the employer when required for the purpose of his records.

5. Unqualified Male Adult Employees.

(1) A male employee (other than an apprentice) over the age of 21 years who has been previously employed in the industry for a period of not less than twelve months and who in the opinion of the Council or Executive is not able, owing to lack of experience, to perform satisfactorily an operation on which he is or is to be employed and for which the prescribed minimum wage is more than £2 per week, may, with the approval of the Council or Executive, which may act upon the prior recommendation of a District Committee where one exists for the area concerned, be employed on such operation as an unqualified male adult at less than the minimum wage prescribed in Annexure "A" to this Part, provided that such lower wage shall not be less than—

for the first six months: one-third of the prescribed wage but not less than £2 per week;
for the second six months: one-half of the prescribed wage but not less than £2. 10s. per week;
for the next year: three-fourths of the prescribed wage but not less than £3 per week;
thereafter at the prescribed wage for the operation on which he is employed, provided that nothing in this clause shall operate to prevent a shorter period than two years being permitted.

Provided—

(*a*) that an unqualified male adult employee who is employed on an operation for which a wage of less than £3 is prescribed shall not, while employed on such class of work, be entitled to claim more than such prescribed wage;

(*b*) that where it is not possible to obtain the prior approval of the Council or Executive an employee in respect of whom an application has been made for permission to work as an unqualified male adult in terms of this sub-section may be employed for a period not exceeding six weeks without the licence referred to in sub-section (2) hereof.

(2) A licence to employ an unqualified male adult employee in terms of sub-section (1) shall be issued in respect of each application approved by the Council or Executive, and a copy shall be furnished to the employee.

(3) Ratio of employees:—

(*a*) The number of unqualified male adults employed in terms of sub-section (1) in an establishment shall not at any time exceed one such employee to each twenty or part of twenty other employees (excluding learners and apprentices) receiving more than £2 per week on operations within sections B, D, E and F of Annexure "A" to this Part.

(*b*) Employers shall not be reckoned in computing the ratio.

6. Overtime.

(1) An employee employed on time work who works before the usual starting time or after the usual closing time of the establishment shall, for each hour or part of an hour so worked, be paid if employed—

(*a*) on any day from Monday to Friday, inclusive, his hourly wage plus twenty-five per cent.;

(*b*) on Saturday afternoon, his hourly wage, plus fifty per cent.;

(*c*) on a Sunday, twice his hourly wage.

(2) When it is customary for any establishment to complete its normal working week of 45 hours between Monday and Friday, any employee required to work on a Saturday morning shall be paid for each hour or part of an hour so worked his hourly wage plus twenty-five per cent., irrespective of the number of hours actually worked between Monday and Friday.

(3) An employee shall not be required to work overtime unless notice has been given by the employer to such employee the day prior to such overtime being worked.

(4) An employee employed on piece-work shall have his piece-work rates increased by twenty-five per cent. in respect of overtime worked.

(4) Die werkgewer moet elke werknemer op wie hierdie artikel van toepassing is, voorsien van 'n aantekeningboek, in die vorm aangewys in Aanhangsel B van hierdie Deel, waarin die werkgewer die werksaamhede wat verrig is en die tyd waarop met elke werksaamheid begin en opgehou is, moet aanteken. Die tye moet onderskeidelik op die begin- en ophoutyd aangeteken word. Die boek moet onder gewone omstandighede deur die werknemer gehou word, maar moet aan die werkgewer oorhandig word wanneer dit vir die doel van sy aantekenings nodig is.

5. Ongekwalifiseerde Volwasse Manlike Werknemers.

(1) Where country work is done away from the establishment of the employer, second class return fares shall be paid by the employer and the following shall be paid to the employee during the period of the journey to and fro:—

(*a*) If any portion of the travelling is during working hours—at ordinary rates of wages not exceeding, however, pay for one day's shift in respect of every period of 24 consecutive hours.

(*b*) If the journey commences and ends between the end of one shift and the beginning of the next shift at half rates of pay.

For the purpose of this sub-section, Sunday shall be considered to be an ordinary working day.

(2) Employees shall be paid for meals and bed on the train. When an employee is required to live away from home, reasonable board and lodging shall be paid for on the job, for a period not exceeding one month, unless the employer provides suitable board and lodging.

9. Dirt Money.

An extra 1s. per day shall be paid to journeymen and 6d. per day to apprentices when engaged on any abnormally dirty work. Any disagreement as to whether this section applies shall be referred to the Industrial Council.

10. Outwork.

(1) No employer shall require any of his employees to undertake any general, mechanical, electrical or marine engineering work, including repairing or assembling, elsewhere than in his establishment, except when such work is in execution or completion of any order placed with such employer.

(2) No employee shall solicit or take orders for or undertake general, mechanical, electrical or marine engineering work, including repairing or assembling, on his own account for sale and/or for gain and/or on behalf of any other person or firm engaged in the industry, whilst in the service of an employer engaged in the Metal Engineering Industry.

5. Uitbetaling van Lone.

(1) Tyd-, stuk- en oortydlone moet weekliks op Vrydag, binne 15 minute nadat die werk gewoonlik eindig, of by diensbeëindiging, ingeval dit vóór die gebruiklike betaaldag val, kontant betaal word.

(2) Vir die opleiding van 'n werknemer mag deur 'n werkgewer geen premie bereken of aangeneem word nie.

(3) Van die bedrae aan 'n werknemer betaalbaar ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms, mag geen ander bedrae van watter aard ook, behalwe onderstaande, afgetrek word nie—

(*a*) ingeval 'n werknemer van die werk afwesig is, insluitende afwesigheid gedurende enige verdere verlof toegestaan afgesien van dié waarvoor voorsiening gemaak is in artikel 11 van hierdie Ooreenkoms, 'n *pro rata* bedrag vir die duur van sodanige afwesigheid;
(*b*) met die skriftelike toestemming van die werknemer, kortings vir siekte-, versekerings-, of pensioenfondse of bydraes aan 'n vakvereniging wat 'n party is by hierdie Ooreenkoms;
(*c*) bydraes aan die Raadskas ingevolge artikel 14 van hierdie Ooreenkoms;
(*d*) enige bedrag wat deur 'n werkgewer, ingevolge 'n verpligting hom opgelê by enige wet, ordonnansie of regsgeding, ten behoewe van die werknemer, betaal is.

(4) Indien in 'n inrigting of plek werk verrig word deur werknemers wat in spanne of ploeë georganiseer is, dan moet die lone van elke werknemer deur die werkgewer aan hom uitbetaal word.

6. Werksure.

Die gewone werksure mag nie meer as ag-en-veertig in enige week vir werknemers op dagskof wees nie, of 43¾ vir werknemers op nagskof.

Die maksimum werkure, insluitende oortyd, wat gedurende enige week gewerk mag word, is 64.

Ten opsigte van oponthoud- of herstelwerk van 'n dringende aard, kan aansoek aan die Raad gedoen word vir die vergunning van vrystelling van die maksimum werksure of van werk wat hierin bepaal is.

7. Oortyd en Betaling van Werk op Sondag.

(1) Tyd gewerk deur werknemers op dagskof na die beëindiging van die gewone dagskof moet, behoudens die bepalings van subartikel (2) van hierdie artikel, as oortydwerk beskou en voor betaal word as volg:—

(*a*) Tot middernag teen anderhalfmaal die gewone loon;
(*b*) vanaf middernag vir enige tydperk tot aan die gewone begintyd op die volgende dag teen dubbel die gewone loon.

(2) Vir werk verrig op Sondae, Goeie Vrydag en Kersdag moet teen dubbel die gewone loon betaal word.

(3) 'n Werknemer op stukwerk mag geen oortydwerk verrig nie.

8. Reis- en Onderhoudstoelae.

(1) Waar plattelandswerk weg van die werkgewer se inrigting verrig word, moet die werkgewer vir tweedeklasretoerkaartjies betaal en die volgende bedrae gedurende die heen- en terugreis aan die werknemer betaal—

(*a*) ingeval enige gedeelte van die reis gedurende werkure geskied—die gewone loon, maar vir hoogstens een dagskof in die loop van elke 24 agtereenvolgende ure;
(*b*) ingeval die reis na die einde van 'n skof 'n aanvang neem en voor die begin van die volgende skof eindig—die helfte van die gewone loon.

Vir die toepassing van hierdie subartikel word Sondag as 'n gewone werkdag beskou.

(2) Werknemers moet vir maaltye en slaapplek op die trein betaal word. As van 'n werknemer vereis word om weg van sy huis te bly, moet vir redelike kos en inwoning by die werk, nie een maand te bowe gaande nie, betaal word, tensy die werkgewer geskikte kos en inwoning verskaf.

9. Betaling vir Vuil Werk.

Aan vakmanne en vakleerlinge in diens in buitengewone vuil werk moet onderskeidelik 1s. en 6d. per dag ekstra betaal word. Enige meningsverskil aangaande die toepassing van hierdie artikel moet na die Nywerheidsraad verwys word.

10. Buitewerk.

(1) Geen werkgewer mag van enigeen van sy werknemers eis om enige algemene, werktuigkundige, elektrotegniese of skeepsingenieurswerk, met inbegrip van herstel- of inmekaarsitwerk, elders as in sy inrigting te verrig nie, tensy sodanige werk verrig word ter uitvoering of voltooiing van 'n bestelling wat by die werkgewer geplaas is.

(2) Geen werknemer mag, solank as hy by 'n werkgewer in die metaalingenieursnywerheid in diens is, bestelling vir algemene, werktuigkundige, elektrotegniese of skeepsingenieurswerk, met inbegrip van herstel- of inmekaarsitwerk, vir eie rekening vir verkoop, en/of vir wins, en/of ten behoewe van enige ander persoon of firma betrokke by die nywerheid aanvra of aanneem of sodanige werk onderneem nie.

11. Holidays and Unemployment Pay.

(1) Every employee scheduled under Sections 4 (1) (*a*), (*b*), (*c*) and (*e*) of this Agreement (including apprentices) shall be entitled to 12 working days' leave per annum at his usual wage.

(*a*) Qualification for such holiday leave shall be 294 shifts, exclusive of overtime, actually worked for employees on the six-day working week, or 49 calendar weeks of employment in the case of employees working a five day week.

(*b*) Holiday payments provided in this section shall be computed at the contract rate of pay of which the employee is in receipt at the date of qualification, except that employees engaged on piece-work shall be paid holiday pay at the prescribed minimum rate for the class of work being performed.

(*c*) The holiday shall include three week-ends and be for one unbroken period.

(*d*) Leave shall be taken within a period of four months of the date it became due, at a time to be arranged mutually between employer and employees.

(*e*) Application for leave shall be made within one month of the date it became due. Leave not applied for nor taken as arranged shall be subject to forfeiture on the decision of the Council.

(*f*) If an employee does not take his holiday within a period of four months after it becomes due to him the money shall be forfeit, and be paid by the employer to the funds of the Council immediately the money becomes forfeit.

(*g*) When an employee is about to take his leave, the moneys payable to him for the purposes of such leave shall be paid to him in cash by his employer immediately on his ceasing work to go on holiday.

(*h*) The employer shall at the same time forward to the Council a holiday receipt voucher drawn up in a form acceptable to the Council, and containing the employee's signature as a receipt for the above payment.

(*i*) An employee shall not engage in his normal employment whilst on leave.

(*j*) Any periods of absence on account of sickness or accident aggregating not more than six weeks in any one year shall count for holiday purposes. An employer shall be entitled to call upon an employee for a medical certificate in proof of cause of absence.

(*k*) Any employee who absents himself from work without adequate reasons satisfactory to his employer shall in respect of each shift lost by him during such absence forfeit ten shifts worked towards his holiday qualification provided that notification of such absence shall be made by the employer in writing to the Council within seven days of such absence.

(2) Good Friday and Christmas Day shall be paid holidays, provided that where an employee is required by his employer to work the shifts immediately preceding and/or following such holidays, and fails to present himself for employment, the paid holidays shall be forfeit. If an employee is not required to present himself for work on the day immediately preceding or following such holidays, he shall not forfeit pay for the holiday in question. If an employee is required to work on such paid holiday he shall be granted within one month another day as a holiday with full pay, provided that employees in establishments engaged on continuous process operation, who work on Good Friday or Christmas Day, shall not be granted a further day's holiday on full pay.

Should either Good Friday or Christmas Day fall within the period of the holiday, such period shall be extended by one day on full pay.

(3) When the employment of an employee terminates before he becomes entitled to a paid holiday in terms of sub-section (1) of this section, he shall be entitled to a proportionate number of days or calendar weeks of employment, as the case may be.

The employer shall furnish the employee at the time he leaves his services with a voucher setting out the number of shifts or calendar weeks of employment, as the case may be, which count for holiday purposes, to which he is entitled, and immediately forward to the Secretary of the Council the money equivalent of the holiday to which the employee is so entitled.

(4) (*a*) Where the period of unemployment between one engagement and another is more than six days, an employee on presenting his voucher or vouchers to the Industrial Council shall be entitled during each week of his unemployment to the payment from the amount standing to his credit of a sum not less than £2 and not exceeding half pay at the rate he was receiving when unemployment started, whichever is the greater, until such time as the credit indicated in the voucher or vouchers is exhausted. Should the employee obtain employment before such credit has been exhausted, the unpaid amount shall be available to him in accordance with the aforegoing provisions either when next he qualifies for leave or becomes unemployed for a longer period than six days.

11. Betaling gedurende Vakansie en Werkloosheid.

(1) Elke werknemer (insluitende vakleerlinge) gespesifiseer in artikels 4 (1) (*a*), (*b*) (*c*) en (*e*) van hierdie Ooreenkoms is jaarliks geregtig tot 12 werkdae verlof teen sy gewone loon.

(*a*) Die kwalifikasie vir sodanige vakansieverlof is 294 skofte met uitsondering van oortyd, werklik gewerk in die geval van werknemers in diens op 'n sesdaagse werkweek of 49 kalenderweke diens in die geval van werknemers wat 'n vyfdaagse week werk.

(*b*) Vakansiebetaling waarvoor in hierdie artikel voorsiening gemaak is, moet teen die kontrakskaal van betaling wat die werknemer ontvang op die datum van kwalifikasie, bereken word, behalwe dat aan werknemers wat stukwerk verrig vakansiebetaling teen die minimum tydloon voorgeskryf vir die klas van werk wat verirg word, betaal moet word.

(*c*) Die vakansie moet drie naweke insluit en aaneenlopend wees.

(*d*) Verlof moet geneem word binne 'n tydperk van vier maande vanaf die datum waarop dit verskuldig raak en op 'n tydstip wat die werkgewer en die werknemer onderling moet reël.

(*e*) Aansoek om verlof moet geskied binne een maand vanaf die datum waarop dit verskuldig raak. Verlof waarom nie aansoek gedoen en wat ook nie na reëling geneem is nie, is op besluit van die Raad onderworpe aan verbeuring.

(*f*) As 'n werknemer nie sy verlof neem binne 'n tydperk van vier maande nadat dit aan hom verskuldig raak nie word die geld verbeur en dit moet deur die werkgewer in die fondse van die Raad gestort word onmiddellik nadat dit verbeur is.

(*g*) As 'n werknemer op die punt staan om op verlof te gaan, moet die gelde aan hom verskuldig vir die doeleindes van sodanige verlof sodra hy met sy werk ophou om op vakansie te gaan deur sy werkgewer aan hom kontant betaal word.

(*h*) Die werkgewer moet terselfdertyd aan die Raad 'n vakansie-ontvangsbewys stuur wat opgestel is in 'n vorm aanneemlik vir die Raad en wat die werknemer se handtekening as 'n ontvangsbewys ten opsigte van bogemelde betaling bevat.

(*i*) 'n Werknemer wat op verlof is, mag nie sy gewone werk verrig nie.

(*j*) enige tydperke van afwesigheid weens siekte of ongeval wat in die geheel nie ses weke in enige jaar te bowe gaan nie sal vir vakansiedoeleindes gereken word. 'n Werkgewer is geregtig om van 'n werknemer 'n doktersertifikaat te eis ter stawing van die oorsaak van die afwesigheid;

(*k*) 'n Werknemer wat sonder voldoende rede tot bevrediging van sy werkgewer van die werk wegbly, verbeur ten opsigte van elke skof wat hy gedurende sodanige afwesigheid verloor, tien skofte gewerk vir verlofkwalifikasie, met dien verstande dat die werkgewer binne sewe dae vanaf sodanige afwesigheid die Raad skriftelik daarvan in kennis moet stel.

(2) Goeie Vrydag en Kersdag is vakansiedae met betaling met dien verstande dat as 'n werkgewer van 'n werknemer eis om die skofte onmiddellik voor of na sodanige vakansiedae te werk en die werknemer nie by die werk opdaag nie die vakansiedag met vol betaling verbeur word maar indien dit nie van 'n werknemer vereis word om by die werk op te daag op die dag onmiddellik voor of na sodanige vakansiedae nie, sal hy nie betaling vir die betrokke vakansiedag verbeur nie. Indien van 'n werknemer vereis word om op sodanige vakansiedag teen betaling te werk, moet aan hom binne 'n tydperk van een maand nog 'n dag as 'n vakansiedag met vol betaling toegestaan word, met dien verstande dat aan werknemers wat in inrigtings met 'n ononderbroke werkproses en op Goeie Vrydag of Kersdag werk, nie 'n verdere dag vakansie met vol betaling toegestaan sal word nie.

Indien òf Goeie Vrydag òf Kersdag binne die vakansietydperk val, moet sodanige tydperk met een dag teen volle betaling verleng word.

(3) Indien die diens van 'n werknemer beëindig is voordat hy tot betaalde verlof ooreenkomstig subartikel (1) van hierdie artikel geregtig is, is hy geregtig tot 'n proporsionele aantal dae of kalenderweke van diens, na gelang van die geval. Die werkgewer moet, wanneer die werknemer sy diens verlaat, hom van 'n bewys voorsien waarin die aantal skofte gewerk of die kalenderweke van diens, na gelang van die geval, wat vir vakansiedoeleindes gereken moet word, en waartoe hy geregtig is, uiteengesit is, en onmiddellik van die Sekretaris van die Raad die geld-ekwivalent van die vakansie waartoe die werknemer aldus geregtig is, stuur.

(4) (*a*) Indien die tydperk van werkloosheid tussen twee dienstye meer as ses dae is, dan is 'n werknemer op vertoon van sy bewys of bewyse aan die nywerheidsraad, gedurende elke week van sy werkloosheid geregtig om van die bedrag wat hy te goed het 'n bedrag te ontvang van minstens £2 of hoogstens die helfte van die loon wat hy ontvang het, toe hy werkloos geword het, watter ook al die grootste mag wees, tot tyd en wyl die tegoed wat in die bewys of bewyse aangedui is, uitgeput is. Ingeval die werknemer werk kry voordat sodanige tegoed uitgeput is, moet die bedrag wat nog nie uitbetaal is nie, vir hom ooreenkomstig die voorafgaande bepalings beskikbaar wees, wanneer hy òf weer vir 'n verlof kwalifiseer òf vir 'n tydperk van meer as ses dae werkloos was.

(*b*) Any employee claiming and receiving payment in terms of paragraph (*a*) of this sub-section, shall, on obtaining further employment in the Industry, commence to qualify for leave as from the date of such employment, provided that if there is any unclaimed balance to which he is entitled to be credited in terms of this section, the leave equivalent of such balance shall be credited to him.

(5) Where an employee dies, or is, in the course of his work, incapacitated from continuing at his trade, the amount which has accrued in respect of holiday leave shall be payable to himself or to his estate, as the case may be.

(6) Any voucher issued to an employee for a broken period of employment in terms of sub-section (3) of this section, shall be valid for a period of two years from the date of the last shift worked by such employee. Amounts standing to the credit of an employee in the books of the Council shall on expiration of such period accrue to the funds of the Council, provided that, any vouchers for periods of employment in the case of an employee who has accumulated the aggregate number of shifts or calendar weeks, as the case may be, which would have entitled him to leave, shall be forfeit in terms of sub-section (1) (*f*) of this section.

(7) An employee dismissed owing to flagrant breach of duty shall forfeit any claim to payment for holiday leave, and if any question arises as to what constitutes a flagrant breach of duty, the matter shall be submitted to the Council, whose decision shall be final. The amounts to which the employees would otherwise have been entitled shall be paid by the employer concerned to the Council, accompanied by particulars of the circumstances resulting in the employee's dismissal, and shall accrue to the funds of the Council: Provided that the Council may refund to the employer the amount, or such proportion thereof, as it may be considered necessary to effect repairs to any of the plant or tools which may have been damaged by the employee, and further provided, that notification of dismissal under this sub-section shall be made by the employer in writing to the Council within fourteen days of dismissal.

(8) An employee who leaves the Industry to become an employer, or to go to another industry, or to proceed to an area not covered by this Agreement, or for any other reason whatsoever, shall not be entitled to claim moneys standing to his credit in the books of the Council. The Council may make reciprocal arrangements with any other industry for the interchange of leave vouchers to the benefit of the employee leaving the Industry, or may make *ex gratia* payments from the funds of the Council to such employees as are referred to in this sub-section.

(9) For the purpose of this section, an employee's services shall be counted from 1st January, 1937, or from the date of his engagement whichever is the later.

12. Termination of Employment.

(1) Not less than one clear working day's notice shall be given by the employer or employee to terminate a contract of service, provided that this shall not affect—

(*a*) the right of an employer or employee to terminate a contract of service without notice for any good cause recognised by law as sufficient;
(*b*) any agreement between an employer and employee providing for a longer period of notice than one clear day;

and provided further, that an employer may pay to an employee wages for and in lieu of the prescribed or agreed period of notice.

(2) For the purpose of this section, Saturday shall not be considered as a clear working day. Notice to terminate a contract of service at finishing time on Saturday shall be given prior to midday on Friday.

13. Exemptions.

(1) The Council may grant exemption from any of the provisions of this Agreement for any good and sufficient reason.

(2) The Council shall fix the conditions subject to which such exemption shall operate, provided that the Council may, if it deems fit, after one week's notice has been given in writing to the person concerned, withdraw any licence of exemption, whether or not the period for which such exemption was granted has expired.

(3) The Secretary to the Council shall issue to every person granted exemption, a licence of exemption, signed by him, setting out—

(*a*) the full name of the person concerned;
(*b*) the provisions of the Agreement from which exemption is granted;
(*c*) the conditions subject to which such exemption is granted;
(*d*) the period during which the exemption shall operate.

(4) The Secretary of the Council shall—

(*a*) number consecutively all licences of exemption issued;
(*b*) retain a copy of each licence issued and forward a copy to the Divisional Inspector, Department of Labour, Durban;
(*c*) where exemption is granted to an employee, forward a copy of the licence of exemption to the employer concerned.

(*b*) 'n Werknemer, wat betaling ooreenkomstig paragraaf (*a*) van hierdie subartikel eis en ontvang, moet, wanneer hy weer in die nywerheid werk kry, vanaf die datum waarop hy sodanige werk aanvaar, vir verlof begin kwalifiseer, met dien verstande dat as daar enige onopgeëiste saldo is, waartoe hy geregtig is om mee gekrediteer te word ooreenkomstig hierdie artikel, hy gekrediteer moet word met verlof gelykstaande aan sodanige saldo.

(5) Ingeval 'n werknemer sterf, of in die loop van sy diens onbekwaam raak om sy beroep uit te oefen, is die bedrag, aan hom verskuldig ten opsigte van verlof, betaalbaar aan homself of aan sy boedel, na gelang van die geval.

(6) Enige bewys vir 'n ononderbroke dienstermyn wat ingevolge subartikel (3) van hierdie artikel aan 'n werknemer uitgereik is, is geldig vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van die laaste skof wat sodanige werknemer gewerk het. Na afloop van sodanige tydperk verval die bedrae, waarmee 'n werknemer in die boeke van die Raad gekrediteer staan, aan die fondse van die Raad, met dien verstande dat enige bewyse van diens in die geval van 'n werknemer wat die hele aantal skofte of kalenderweke laat oploop het, na gelang van die geval, wat hom geregtig sou gemaak het op verlof verbeur word kragtens subartikel (1) (*f*) van hierdie artikel.

(7) 'n Werknemer wat weens ernstige pligsversuim ontslaan word, verbeur alle reg op betaling vir vakansieverlof en as daar enige twyfel bestaan oor wat 'n ernstige pligsversuim is, moet die saak aan die Raad voorgelê word en sy besluit is finaal. Die bedrae waartoe die werknemers andersins geregtig sou wees verval aan die fondse van die Raad, moet deur die betrokke werkgewer aan die Raad betaal word en moet vergesel gaan van besonderhede betreffende die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die werknemer se ontslag, met dien verstande dat die Raad die bedrag of so 'n gedeelte daarvan as wat hy nodig mag ag vir reparasies aan enige uitrusting of gereedskap wat die werknemer beskadig het, mag terugbetaal, en met dien verstande verder dat kennisgewing van ontslag ingevolge hierdie subartikel deur die werkgewer skriftelik aan die Raad binne veertien dae na ontslag gerapporteer moet word.

(8) 'n Werknemer wat 'n werkgewer word, of wat na 'n ander nywerheid gaan of na 'n ander gebied nie deur hierdie Ooreenkoms gedek nie, gaan, of om enige ander rede die nywerheid verlaat, is nie geregtig om gelde waarmee hy in die boeke van die Raad gekrediteer staan, te vorder nie. Die Raad mag met enige ander nywerheid wederkerige reëlinge tref vir die omruiling van verlofbewyse ten voordele van die werknemer wat die nywerheid verlaat het, of kan *ex gratia* betalings uit die fondse van die Raad maak aan sodanige werknemers as wat in hierdie subartikel genoem is.

(9) Vir die toepassing van hierdie artikel word 'n werknemer se diens bereken vanaf die jongste van die twee datums, 1 Januarie 1937, of die datum van sy indiensneming.

12. Diensbeëindiging.

(1) 'n Werkgewer of 'n werknemer moet minstens een volle dag vooraf die diens opsê, met dien verstande dat dit geen inbreuk maak op—

(*a*) die reg van 'n werkgewer of 'n werknemer om die diens sonder opsegging te beëindig weens enige gegronde rede wat deur die Wet as voldoende erken word;
(*b*) enige ooreenkoms tussen 'n werkgewer en 'n werknemer waarby vir 'n langer diensopseggingstermyn as een volle dag voorsiening gemaak word;

en voorts met dien verstande dat 'n werkgewer aan 'n werknemer lone kan betaal in plaas van die diens soos voorgeskryf of ooreengekom op te sê.

(2) Vir die toepassing van hierdie artikel word Saterdag nie as 'n volle werkdag beskou nie. Wanneer die werkweek op Saterdag ophou, moet diensopsegging voor middag op Vrydag geskied.

13. Vrystellings.

(1) Die Raad kan vrystelling van enige van die bepalings van hierdie Ooreenkoms om enige goeie en voldoende rede verleen.

(2) Die Raad moet die voorwaardes vasstel waarop sodanige vrystelling verleen word; met dien verstande dat die Raad, na goeddunke en nadat aan die betrokke persoon een week vooraf skriftelik kennis gegee is, enige vrystellingslisensie kan intrek of die termyn waarvoor vrystelling verleen is verstryk het of nie.

(3) Die Sekretaris van die Raad moet aan elke persoon aan wie vrystelling verleen word 'n deur hom ondertekende vrystellingslisensie uitreik waarin vermeld word—

(*a*) die volle naam van die betrokke persoon;
(*b*) die bepalings van die Ooreenkoms waarvan vrystelling verleen word;
(*c*) die voorwaardes waarop sodanige vrystelling verleen word;
(*d*) die tydperk waarvoor die vrystelling geldig is.

(4) Die Sekretaris van die Raad moet—

(*a*) alle vrystellingslisensies wat uitgereik word in volgorde nommer;
(*b*) van elke uitgereikte vrystellingslisensie een afskrif hou en een afskrif aan die Afdelingsinspekteur, Departement van Arbeid, Durban, stuur;
(*c*) ingeval aan 'n werknemer vrystelling verleen word, 'n afskrif van die vrystellingslisensie aan die betrokke werkgewer stuur.

14. Expenses of the Council.

For the purpose of meeting the expenses of the Council, each employer shall deduct 4d. per week from the earnings of each of his employees [other than apprentices, learners, learner-operatives, unskilled labourers and the minors referred to in Section 4 (1) (*f*) for whom wages are prescribed in this Agreement. To the amounts so deducted, the employer shall add a like amount and forward month by month, not later than the fifteenth day of each month, the total sum, together with a statement giving the number of the employees in respect of whom deductions are remitted, to the Secretary to the Council, P.O. Box 1300, Durban.

15. Application of Factories Act, 1918.

(1) Nothing in this Agreement shall operate to make lawful any increase in the maximum number of working or overtime hours allowed under the Factories Act, 1918, or to allow the employment of any persons during any hours in which the employment of persons is prohibited under that Act.

(2) No person may be employed in any establishment which is not a factory, during any hours or day when it would under the provisions of the Factories Act, 1918, be unlawful to employ such person if the establishment were a factory.

(3) Employees to whom exemption from the restrictions under the Factories Act, 1918, in respect of place or hours of work or holidays has been granted in terms of section *twenty-seven* of that Act, shall not be affected by the provisions of this Agreement relating to such matters.

16. Employment of Operatives, Learner-operatives and Learners.

(1) (*a*) All operatives employed in the industry shall be registered with the Council.

(*b*) For the purposes of paragraph (*a*) of this sub-section, each employer who has operatives in his employ shall forward to the Secretary to the Council, P.O. Box 1300, Durban, month by month, and not later than the fifteenth day of each month, a statement giving the following particulars of the operatives engaged and discharged by him during the preceding month:—

(i) Names of operatives;
(ii) class of work and wages;
(iii) date of engagement or discharge.

(2) (*a*) No employer shall employ a learner-operative or a learner without obtaining the prior approval of the Council and a certificate from the Council setting out the name, age, the minimum wage payable to the employee, and the period during which the permission is effective. A copy of the certificate shall be furnished to the employee.

(*b*) Any permission given in accordance with paragraph (*a*) of this sub-section may be withdrawn by the Council at any time by giving not less than one week's notice in writing to the employer. The employer shall thereupon return the certificate to the Council for cancellation.

17. Registration of Employers.

(1) Every employer shall within one month from the date on which this Agreement comes into operation, and every employer entering the industry after that date shall, within one month from the date of commencement of operations by him, forward to the Secretary of the Council, P.O. Box 1300, Durban, the following particulars:—

(*a*) Full name;
(*b*) address;
(*c*) trades or operations carried out by him.

(2) Where the employer is a partnership, information in accordance with sub-section (1) of this section, as well as the title under which the partnership operates, shall be furnished.

18. Administration of Agreement.

The Council shall be the body responsible for the administration of this Agreement.

19. Working Partners.

All working partners and/or employers in the industry shall observe the recognized hours prescribed for employees in this Agreement.

20. Agents.

The Council shall appoint one or more specified persons as agents to assist in giving effect to the terms in this Agreement. An agent shall be entitled to enter any establishment and may question the employer or any employees and inspect the records of wages paid, time worked and payment made for overtime and piece-work, for the purpose of ascertaining whether the terms of this Agreement are being observed.

21. Members of the Employers' Organisation and the Trade Unions.

(1) No member of any of the trade unions shall accept employment with any employer who is not a member of the employers' organisation, and no member of the employers' organisation shall give employment for more than seven days to any employee who is not a member of one of the trade unions, provided such employee is eligible for membership of a trade union.

14. Uitgawes van die Raad.

Ten einde die uitgawes van die Raad te kan dek, moet elke werkgewer weekliks van die lone van elkeen van sy werknemers [behalwe vakleerlinge, leerlinge, leerlingwerksmanne, ongeskoolde arbeiders en die minderjariges vermeld in artikel 4 (1) (*f*)] vir wie lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is, 4d. aftrek. Die werkgewer moet by die bedrag aldus afgetrek 'n gelyke bedrag voeg en die totale bedrag, tesame met 'n opgaaf van die getalle werknemers ten opsigte van wie kortings ingestuur word, maandeliks voor of op die vyftiende dag van elke maand, aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 1300, Durban, stuur.

15. Toepassing van Fabriekswet, 1918.

(1) Niks in hierdie Ooreenkoms het die uitwerking om enige vermeerdering in die maksimum aantal werkure of oortydwerkure, toegelaat ingevolge die bepalings van die Fabriekswet, 1918, wettig te maak, of om die tewerkstelling van 'n persoon op ure waarop die tewerkstelling van sodanige persoon ingevolge daardie Wet verbode is, toe te laat nie.

(2) Niemand mag in enige inrigting wat nie 'n fabriek is, te werk gestel word op ure of op 'n dag waarop dit ingevolge die bepalings van die Fabriekswet, 1918, onwettig sou wees om sodanige persoon te werk te stel indien die inrigting 'n fabriek was.

(3) Werknemers aan wie ingevolge artikel *sewe-en-twintig* van die Fabriekswet, 1918, van die beperkings ingevolge daardie Wet ten opsigte van werkplek of werkure of vakansie vrystelling verleen is, word nie deur die bepalings van hierdie Ooreenkoms betreffende sodanige sake geraak nie.

16. Indiensneming van Werksmanne, Leerlingwerksmanne en Leerlinge.

(1) (*a*) Alle werksmanne wat in die nywerheid in diens is, moet by die Raad geregistreer word.

(*b*) Vir die toepassing van paragraaf (*a*) van hierdie subartikel moet elke werkgewer, wat werksmanne in sy diens het, maandeliks voor of op die vyftiende dag van elke maand, aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 1300, Durban, onderstaande besonderhede stuur aangaande die werksmanne wat in die loop van die vorige maand deur hom in diens geneem en ontslaan is:—

(i) name van werksmanne;
(ii) soort werk en lone;
(iii) datum van indiensneming of ontslag.

(2) (*a*) Geen werkgewer mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad en 'n sertifikaat van die Raad waarin die naam en die ouderdom van die werknemer, die minimum loon aan hom betaalbaar en die tydperk waarvoor die toestemming geldig is, vermeld word, 'n leerling of 'n leerlingwerksman in diens neem nie. 'n Afskrif van die sertifikaat moet aan die werknemer verstrek word.

(*b*) Enige toestemming verleen ingevolge paragraaf (*a*) van hierdie subartikel kan deur die Raad te eniger tyd herroep word nadat deur die werkgewer een week vooraf skriftelik kennis gegee is. Die werkgewer moet die sertifikaat in so'n geval aan die Raad terugstuur om vernietig te word.

17. Registrasie van Werkgewers.

(1) Elke werkgewer moet, binne een maand vanaf die datum waarop hierdie Ooreenkoms van krag word, en elke werkgewer wat na sodanige datum werk in die nywerheid aanvaar, moet binne een maand nadat hy met sy werksaamhede begin, onderstaande besonderhede aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 1300, Durban, stuur:—

(*a*) volle naam;
(*b*) adres;
(*c*) bedrywe of werksaamhede wat hy beoefen of verrig.

(2) Ingeval die werkgewer 'n vennootskap is, dan moet benewens die besonderhede vermeld in subartikel (1) van hierdie artikel, ook die naam waaronder die vennootskap besigheid dryf, verstrek word.

18. Uitvoering van die Ooreenkoms.

Die Raad is die liggaam wat vir die uitvoering van hierdie Ooreenkoms verantwoordelik is.

19. Werkende Vennote.

Alle werkende vennote en/of werkgewers in die nywerheid moet die erkende werkure in hierdie Ooreenkoms vir werknemers voorgeskryf, nakom.

20. Agente.

Die Raad moet een of meer bepaalde persone aanstel as agente om by die uitvoering van die bepalings van hierdie Ooreenkoms behulpsaam te wees. 'n Agent is geregtig om enige inrigting te betree en enige werkgewer of werknemers te ondervra en die register van lone wat betaal, tyd wat gewerk en bedrae wat vir stukwerk en oortyd betaal word, na te gaan ten einde te kan bepaal of aan die bepalings van hierdie Ooreenkoms voldoen word.

21. Lede van die Werkgewersorganisasie en die Vakverenigings.

(1) Geen lid van enige van die vakverenigings mag by enige werkgewer wat nie lid van die werkgewersorganisasie is nie, in diens gaan nie, en geen lid van die werkgewersorganisasie mag vir meer as sewe dae werk aan enige werknemer gee wat nie 'n lid van een van die vakverenigings is nie, met dien verstande dat sodanige werknemer vir lidmaatskap van 'n vakvereniging geskik is.

(2) Proof of membership of any of the trade unions shall be the production of a current membership card signed by the Secretary of the trade union concerned, or by the Branch Secretary of such Union. Proof of membership of the employer's organisation shall be the exhibition of a certificate issued by the employers' organisation.

22. PERSONS UNDER THE AGE OF FIFTEEN YEARS.

No person under the age of 15 years shall be employed in the industry covered by this Agreement.

PART II.

SPECIAL PROVISIONS APPLICABLE TO THE REFRIGERATOR, RADIO AND DOMESTIC ELECTRICAL APPLIANCES BRANCH OF THE INDUSTRY.

1. The following provisions of Part I of the Agreement shall apply *mutatis mutandis* except in so far as such provisions may be in conflict with the terms and conditions provided in this part of the Agreement, in which case the terms and conditions contained in Sections 2 to4 of this Part shall obtain and have preference to any other terms and conditions:—

Sections of Part I that apply to Part II.
Section 1.
Section 2.
Section 3, subject to alteration of definitions of "day shift" and "learner".
Section 4, sub-sections (1) (*g*), (4) (5) and (6) only.
Section 5.
Section 6.
Section 7.
Section 8.
Section 10.
Sections 11 to 22 inclusive.

2. DEFINITIONS.

"Day shift" means any period of not more than 8¾ hours ordinarily worked by an employee between the hours of 7 a.m. and 7 p.m. on full days, or any period not exceeding five hours worked between the hours of 7 a.m. and 1 p.m. on short days.

Employers may vary the day of the week that is to be observed as a short day, provided that a week's notice is given to the employee as to which day is to be observed as a short day;

"learner" shall mean an employee who has had less than five years' training in the class of work performed by either a radio serviceman, refrigerator serviceman or range serviceman;

"radio serviceman" shall mean an employee who has completed five years' training in the repairing, servicing, adjusting, or mechanically supervising of radio and/or wireless instruments;

"refrigerator serviceman" shall mean an employee who has completed five years' training in the repairing, servicing, adjusting or mechanically supervising of refrigerators;

"range serviceman" shall mean an employee who has completed five years' training in the repairing, servicing, adjusting or mechanically supervising of electrical ranges and/or all other types of domestic electrical appliances.

(NOTE.—"Repairing, servicing, adjusting or mechanically supervising" does not include installation.)

3. WAGES.

Radio serviceman ... ...
Refrigerator serviceman... ... } 2s. 9d. per hour.
Range serviceman... ... ...

Any person other than a certificated learner or an apprentice, employed on these classes of work, shall be paid at this rate.

4. LEARNERS.

Learners may be employed, subject to the provision of Section 16 of this Agreement, at the following minimum rates:

First year, 4½d. per hour, with a minimum of 18s. per week.
Second year, 5¾d. per hour, with a minimum of 23s. per week.
Third year, 7d. per hour, with a minimum of 28s. per week.
Fourth year, 10d. per hour, with a minimum of 40s. per week.
Fifth year, 1s. 3d. per hour, with a minimum of 60s. per week.

Signed at Durban for and on behalf of the parties on this 28th day of August, 1939.

T. K. MEIKLE,
Chairman of the Council.

J. T. FAYLE,
Vice-Chairman of the Council.

A. B. B. COLLOCOTT,
Secretary of the Council.

(2) As bewys van lidmaatskap van enige van die vakverenigings geld die vertoning van 'n geldige lidmaatskapkaart, geteken deur die Sekretaris van die betrokke vakvereniging, of deur die Tak-sekretaris van sodanige vereniging. As bewys van lidmaatskap van die werkgewersorganisasie geld die vertoning van 'n sertifikaat wat deur die werkgewersorganisasie uitgereik is.

22. PERSONE ONDER DIE OUDERDOM VAN 15 JAAR.

Geen persoon onder die ouderdom van 15 jaar mag in enige van die nywerhede wat deur hierdie Ooreenkoms gedek word, in diens geneem word nie.

DEEL II.

SPESIALE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP DIE VERKOELER-, RADIO- EN HUISHOUDELIKE ELEKTRIESE TOESTELLE-TAK VAN DIE NYWERHEID.

1. Die volgende bepalings van Deel I van die Ooreenkoms is *mutatis mutandis* van toepassing, behalwe vir sover sodanige bepalings in stryd mag wees met die bepalings en voorwaardes waarvoor in hierdie deel van die Ooreenkoms voorsiening gemaak is, in watter geval die bepalings en voorwaardes vervat in artikels 2 tot 4 van hierdie Deel van toepassing is en voorkeur bo enige ander bepalings en voorwaardes moet verkry en geniet.

Artikels van Deel I wat op Deel II van toepassing is—
Artikel 1.
Artikel 2.
Artikel 3, onderworpe aan verandering van die omskrywing van „ dagskof " en „ leerling ".
Artikel 4, slegs subartikels (1) (*g*), (4), (5) en (6).
Artikel 5.
Artikel 6.
Artikel 7.
Artikel 8.
Artikel 10.
Artikels 11 tot en met 22.

2. WOORDBEPALINGS.

„ Dagskof " beteken enige tydperk van hoogstens 8¾ uur gewoonlik deur 'n werknemer gewerk tussen die ure 7 v.m. en 7 n.m. op volle dae, of enige tydperk van hoogstens 5 uur gewerk tussen die ure 7 v.m. en 1 n.m. op kortdae.

Werkgewers mag die dag in die week wat as 'n kortdag beskou moet word verander, met dien verstande dat 'n week vooraf aan die werknemer kennis gegee is van die dag wat as 'n kortdag beskou moet word;

„ leerling " beteken 'n werknemer wat minder as vyf jaar opleiding in die soort werk wat òf deur 'n radiobediener, verkoeler-bediener òf stook-bediener gedoen word, ontvang;

„ radio-bediener " beteken 'n werknemer wat vyf jaar opleiding in die herstel van, diens aan, verstel van of werktuigkundige toesig oor radio- en/of draadloosinstrumente ontvang het;

„ verkoeler-bediener " beteken 'n werknemer wat vyf jaar opleiding in die herstel van, diens aan, verstel van of werktuigkundige toesig oor verkoelers, ontvang het;

„ stoof-bediener " beteken 'n werknemer wat vyf jaar opleiding in die herstel van, diens aan, verstel van of werktuigkundige toesig oor elektriese stowe en/of alle ander soorte huishoudelike elektriese toestelle, ontvang het.

(*L.W.*—Herstel, diens, verstel of werktuigkundige toesig sluit nie installering in nie.)

3. LONE.

Radio-bediener ... ...
Verkoeler-bediener ... ... } 2s. 9d. per uur.
Stoof-bediener ... ...

Enige persoon, behalwe 'n gesertifiseerde leerling of vakleerling in diens in hierdie soorte werk moet teen hierdie skaal betaal word.

4. LEERLINGE.

Leerlinge mag, behoudens die bepalings van artikel 16 van die Ooreenkoms, teen die volgende skale in diens geneem word:—

Eerste jaar, 4½d. per uur, met 'n minimum van 18s. per week.
Tweede jaar, 5¾d. per uur, met 'n minimum van 23s. per week.
Derde jaar, 7d. per uur, met 'n minimum van 28s. per week.
Vierde jaar, 10d. per uur, met 'n minimum van 40s. per week.
Vyfde jaar, 1s. 3d. per uur, met 'n minimum van 60s. per week.

Onderteken op Durban vir en namens die partye, op hede die 28ste dag van Augustus 1939.

T. K. MEIKLE,
Voorsitter van die Raad.

J. T. FAYLE,
Ondervoorsitter van die Raad.

A. B. B. COLLOCOTT,
Sekretaris van die Raad.

✱ No. 1850.] [24 November 1939.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

NATIVE TRADE, WITWATERSRAND AND HEIDELBERG.

I, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appear in the Schedule hereto, and which relates to the Native Trade, shall be binding from the 27th day of November, 1939, and for the period ending the 26th day of November, 1941, upon the employers' organizations and trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of those organizations or that union;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in clauses 2 to 19 (inclusive) and 23 and 24 of the said Agreement shall be binding from the 27th day of November, 1939, and for the period ending the 26th day of November, 1941, upon the other employers and employees engaged or employed in the said trade in the Magisterial Districts of Krugersdorp (excluding farm Holfontein No. 161), Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs and Heidelberg (Transvaal); and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Magisterial Districts of Krugersdorp (exeluding farm Holfontein No. 161), Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs and Heidelberg (Transvaal), and from the 27th day of November, 1939, and for the period ending the 26th day of November, 1941, the provisions contained in clauses 3 to 7 (inclusive), 10 to 13 (inclusive), 15, 16, 18 and 19 of the said Agreement, shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons as are not included in the definition of the expression "employee" contained in section *one* of the said Act.

W B. MADELEY,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE NATIVE TRADE (WITWATERSRAND AND HEIDELBERG).

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into by and between—

(*a*) The Retail Traders' Association for the Native Trade (Witwatersrand and Heidelberg),

(*b*) The Reef Native Trade Employers' Association

(hereinafter referred to as "the employers" or "employers' organizations"), of the one part, and

(*c*) The Concession Stores and Allied Trades Assistants' Union

(hereinafter referred to as "the employees" or "the trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Native Trade, Witwatersrand and Heidelberg.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT.

The terms of this Agreement shall be observed in the Magisterial Districts of Krugersdorp (exeluding farm Holfontein No. 161), Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs and Heidelberg by all employers and employers' organizations and the trade union.

2. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT.

This Agreement shall come into operation on a date to be fixed by the Minister of Labour in terms of section *forty-eight* of the Act and shall remain in force for a period of two years, or for such period as may be specified by him.

3. DEFINITIONS.

Any terms used in this Agreement which are defined in the Act shall have the same meanings as in the Act, any reference to an Act or Ordinance shall include any amendment of such Act or Ordinance and unless the contrary intention appears words importing the masculine gender shall include females; further, unless inconsistent with the context—

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1937;

"Council" means the Industrial Council for the Native Trade (Witwatersrand and Heidelberg), registered in terms of section *two* of the Industrial Conciliation Act, 1924, and deemed to be registered in terms of section *nineteen* of the Act;

"establishment" means any premises upon which the native trade is carried on;

✱ No. 1850.] [24 November 1939.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

HANDEL MET NATURELLE, WITWATERSRAND EN HEIDELBERG.

Ek, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die bylae verskyn en betrekking het op die bedryf betreffende handel met naturelle vanaf die 27ste dag van November 1939, en vir die tydperk wat eindig op die 26ste dag van November 1941, bindend is op die werkgewersorganisasies en vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en op die werkgewers en werknemers wat lede is van daardie organisasies of daardie vereniging;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousules 2 tot en met 19 en 23 en 24 van genoemde Ooreenkoms vanaf die 27ste dag van November 1939, en vir die tydperk wat eindig op die 26ste dag van November 1941, bindend is op die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens van genoemde bedryf in die magistraatsdistrikte Krugersdorp (met uitsondering van die plaas Holfontein No. 161), Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs en Heidelberg (Transvaal); en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousules 3 tot en met 7, 10 tot en met 13, 15, 16, 18 en 19 van genoemde Ooreenkoms vanaf die 27ste dag van November 1939 en vir die tydperk wat eindig op die 26ste dag van November 1941, in die magistraatsdistrikte Krugersdorp (met uitsondering van die plaas Holfontein No. 161), Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs en Heidelberg (Transvaal), *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „werknemer" vervat in artikel *een* van genoemde Wet ingesluit is nie.

W. B. MADELEY,
Minister van Arbeid.

BYLAE.

„INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE NATIVE TRADE (WITWATERSRAND AND HEIDELBERG)."

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheids-versoeningswet, 1937, gemaak deur en aangegaan tussen—

(*a*) die „Retail Traders' Association for the Native Trade (Witwatersrand and Heidelberg)",

(*b*) Die „Reef Native Trade Employers' Association"

(hierin verder die „werkgewers" of „werkgewersorganisasies" genoem) aan die een kant, en

(*c*) Die „Concession Stores and Allied Trades Assistants Union"

(hierin verder die „werknemers" of die „vakvereniging" genoem) aan die ander kant,

wat die partye is by die „Industrial Council for the Native Trade (Witwatersrand and Heidelberg)".

1. BESTEK EN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die magistraatsdistrikte Krugersdorp (met uitsondering van die plaas Holfontein No. 161), Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs en Heidelberg, nagekom word deur alle werkgewers en werkgewersorganisasies en die vakvereniging.

2. TYDPERK WAARVOOR OOREENKOMS VAN KRAG IS.

Hierdie Ooreenkoms word van krag op 'n datum wat deur die Minister van Arbeid vasgestel moet word, kragtens artikel *ag-en-veertig* van die Wet, en bly van krag vir 'n termyn van twee jaar, of vir sodanige termyn as wat deur hom bepaal mag word.

3. WOORDEBEPALINGS.

Enige uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig word en in die Wet omskryf is, het dieselfde betekenisse as in die Wet, en by verwysing na 'n Wet of Ordonnansie is ook enige wysiging van sodanige Wet of Ordonnansie inbegrepe; verder, tensy die strydige bedoeling duidelik is, sluit woorde wat die manlike geslag aandui ook vrouens in en tensy teenstrydig met die sinsverband, beteken—

„Wet", die „Nywerheid-versoeningswet, 1937";

